

Hoofstuk van die dag: 2 Tessalonisense 2

Ons moet God altyd vir julle dank, broers. Die Here het julle lief, en God het julle uitverkies om van die eerstes te wees wat gered word. Julle is gered deurdat die Gees julle vir Hom afgesonder het en deurdat julle die waarheid glo. (2 Thes 2:13)

Die konsep van die Drie-eenheid is vroeg al ontwikkel om reg te laat geskied aan die manier waarop die Bybel oor God praat – een Wese, en tog drie Persone wat afsonderlik óók God genoem word: Vader, Seun en Gees. Nêrens in die Bybel word dit in soveel woorde verduidelik nie, maar op talle plekke, soos ook hier in vers 13-17, word God as ’n drie-enige Wese bely. God is nie net op ’n enkele manier, as ’n enkele Persoon, by ons lewens betrokke nie, maar op ’n drievoudige manier. Die Vader het ons uitverkies om gered te word, bemoedig ons en gee ons hoop (vers 13 en 16). Die Seun laat ons deel in sy heerlikheid en sterk ons in die geloof (vers 14 en 16). En die Gees heilig ons (vers 13).
As gelowiges het ons ’n kragtige, sorgsame, aktiewe God wat oor ons waak. God is gans anders as die vae begrip van ’n “hoër mag” waaraan baie moderne mense vashou.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026